

# HOOFSTUK 4

## Die belydenisskrifte

### 1. Inleiding

- Ons bely in die Heidelbergse Kategismus, vraag 22, dat ons alles moet glo wat in die evangelie beloof word en wat in die artikels van ons algemene en ontwyfelbare Christelike geloof ons in hoofsake geleer word.
- Die belydenisskrifte is ons eie kort samevatting en verwerking van waarhede wat in die Bybel vervat is. Hulle het nie die hoogste gesag in die kerk nie. Die Bybel het die hoogste gesag en daarom moet die belydenisskrifte hulle altyd vir die waarheid wat hulle verkondig, op die Bybel beroep.
- Die belydenisskrifte bevat nie alles wat in die Bybel geskryf staan nie. Dit bevat slegs die hoofsaak daarvan.
- Omdat die geloof van die kerk deur die eeue heen kom – algemeen; en omdat dit berus op die vastheid van God se Woord – ontwyfelbaar; en omdat Jesus Christus die inhoud van die hele evangelie is – Christelik, kwalifiseer ons ons belydenis as algemeen, ontwyfelbaar en Christelik.
- Ons verdeel ons belydenisskrifte in twee groepe:
  - Die algemene belydenisskrifte
  - Die drie formuliere van eenheid

### 2. Die algemene belydenisskrifte

- Die Apostoliese Geloofsbelydenis  
Ons gebruik hierdie belydenis meestal Sondae by die oggenddiens, wanneer die gemeente saam hulle geloof bely. Die oorlewering beweer dat dit twaalf artikels is omdat elkeen van die twaalf apostels een artikel sou opgestel het. Ons betwyfel egter die geldigheid van hierdie oorlewering. Dit het waarskynlik eers 500 n.C. ontstaan uit die belydenis wat die destydse Christene moes aflê by hulle doop.
- Die Geloofsbelydenis van Nicea  
Hierdie belydenis ontstaan uit die stryd tussen Athanasius en Arius oor die Godheid en die mensheid van Christus. Datering: 325 n.C.
- Die Geloofsbelydenis van Athanasius  
Dit word vernoem na Athanasius en handel oor die Drie-eenheid van God.

### 3. Die formuliere van eenheid

Daar is drie formuliere van eenheid. Al drie is redelik lywige belydenisskrifte wat saam die hele spektrum van ons geloof dek.

- Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)  
Dit staan ook bekend as die 37 artikels teen die Remonstrante. Dit is in 1559 deur Guido de Brès opgestel en in 1561 uitgegee.
- Die Heidelbergse Kategismus (HK)  
Hierdie belydenisskrif word opgestel deur Casper Olivianus en Zacharias Ursinus. Albei was hoogleraars (professore) in Heidelberg, Duitsland.  
Frederik III, die keurfors van Palz, het aan hulle die opdrag gegee om hierdie belydenis op te stel.

Die uitgangspunt van die HK is die vraag na die Christen se enigste troos in lewe en sterwe – vraag 1.

Daar is drie dinge wat elke gelowige moet weet om hierdie troos te kan belewe:

- Hy moet weet hoe groot sy sondes en ellende is.
- Hy moet weet hoe hy van sy sondes en ellende verlos kan word.
- Hy moet weet hoe hy God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

- Die Dordtse Leerreëls (DL)

Hierdie belydenisskrif is opgestel deur die Nasionale Sinode van Dordt in 1618/19. Dit het ontstaan uit die stryd tussen die Gereformeerdes, die kontra-Remonstrante en die Remonstrante.

Johannes Bogerman was die voorsitter van die Sinode en hy was 'n kontra-Remonstrant.

Die Remonstrante handhaaf die geloofsrigting wat hulle saligheid afhanklik maak van die mens se wil en geloof. Die mens is die bewerker van sy eie heil. Ons ken vandag nog verskeie sektegroepe wat hierdie leer handhaaf, naamlik al die Pentakostalistiese of “Wederdoperse” rigtings.

Die Dordtse Leerreëls handel oor die volgende:

- Hoofstuk I: Verkiesing en verwerping
- Hoofstuk II: Verlossing deur die dood van Christus
- Hoofstuk III, IV: Val, verdorwenheid en bekering van die mens
- Hoofstuk V: Volharding van die heiliges

Al hierdie belydenisskrifte is agter in die Psalmboek gedruk. Elke belydeniskatkisant is veronderstel om van die inhoud van almal kennis te dra.